

KOMMUNIKAMMA 3 OKTOBER 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit.wessels@hotmail.com

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Skriflesing: Spreuke 6:12-23

Tema: Leef 'n lewe waarvan God hou.

09:00 Erediens

<https://youtu.be/EbJZerDDrM4> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Die deurdankoffer gaan vir Bybelgenootskap.

Baie geluk aan Flippie en Liana Smit met die doop van Danielle

There4-Bedieninge nooi julle om saam te reis op Sondag, 3 Oktober 2021.

Ons gaan al die pad per Zoom na Egipte...geen vliegtuigkaartjie is nodig nie, ook nie paspoorte nie. Net 'n ongelooflike geleentheid om te sien hoe ons vriende en vennote die liefde van Christus leef en veral vir ons boeties en sussies vir wie bemoediging so nodig is. Julle gaan alles hoor oor hulle bediening wat Dissipelskapopleiding, en veral hulle betrokkenheid en werk met vroue behels. Hierdie is nie geloofshelde nie, net gewone mense soos ons wat almal geantwoord het "Ja Here, hier is ek, stuur my".

RSVP deur 'n e-pos te stuur aan Nadia by support@there4ministries.org

of 'n sms boodskap aan 082 336 0253.

Ons hoop regtig dat julle saam ons gaan reis.

Saam in Sy diens

Die There4 Bediening Span



Reis saam met ons na Egipte vir 'n Bemoedigende Ontmoeting met ons vennote en vriende:

Datum: Sondag 3 Oktober 2021

Tyd: 18:30 – 19:30

Zoom: RSVP support@there4ministries.org om die skakel te ontvang

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel. Ons gaan, indien regulasies nie weer verander nie, hierde jaar een erediens om 09:00 hou.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

Dinsdag 5 Oktober

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook nou toebröodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R256 001,72 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassiarlyaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 6 Oktober

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Sondag 10 Oktober

09:00 EREDIENS

<https://youtu.be/7xya9n3f2Bc> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

(Die deurdankoffer gaan vir die Bybelgenootskap)

Saterdag 23 Oktober

ViA se "Tea and Wine Pairing"

Die dames van die gemeente word uitgenooi na die Via "Tea and Wine Pairing" geleentheid.

Maak solank die datum in jou dagboek vas en hou die afkondigings en ons facebook dop vir meer besonderhede.

Vrydag 5 November

16:00 tot 20:00 KERSMARK EN MINI-KERMIS

Kraggakamma Gemeente gaan op Vrydag 5 November 'n Kersmark en Mini-Kermis kombineer. Indien jy wil betrokke raak of graag wil help, kontak vir Frans Stapelberg (082 773 6205) of Niekie (082 561 8747) vir meer inligting. Indien jy 'n stalletjie by die kerksmark wil hê, kan jy die aanlyn aansoekvorm voltooi.



(https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeum_Uyv4F6zCLOnmsPLJCe7DE0Anj6XrGmxjCQLz0SuCSxlg/vie/wform?usp=pp_url)

SAKE vir GEBED:

- Ons bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van damme van ons stad en omgewing. Ons hulp kom van ons Here en ons pleit dat Hy in Sy Almag sal ingryp en vir ons reën sal stuur. Bid ook ernstig vir al die ander droogtegeteisterde gebiede in ons omgewing en in ons land.
- Almal wat 'n vinnige, welverdiende ruskansie, tydens die skoolvakansie geniet.
- Dink aan Zelda Bakkes wat aansterk na 'n operasie.
- Stella Scheepers se broer, Jan Strydom se sussie, Marius Thiert se broer en Hendré Potgieter se pa is oorlede. Ons bid vir die families vir vertroosting.
- Wille Bezuidenthout se dogter en Anita Esterhuizen se suster is in die hospitaal. Ons bid vir volkome genesing.
- Dossie Nortje gaan vir toetse en 'n moontlike operasie.
- Kleinskool waar daar so baie mense sonder werk sit, maar ten spyte van hul haglike finansiële toestande hul geloof en barmhartigheid onder mekaar uitleef.
- Die munisipale verkiesing wat voorlê. Ons bid dat alles vreedsaam sal geskied.
- Die Oos-Kaapland se Sinodesitting wat op 12 en 19 – 21 Oktober via Zoom plaasvind.
- Die gemeente werksaamhede van die laaste kwartaal.

- Die 7 weke reeks wat op 17 Oktober afskop in die gemeente
- Almal wat skade gely het met die verwoestende brande in die Noord-Kaap en Vrystaat.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met Christene in die **Sentraal-Afrikaanse Republiek** soos wat hulle volhard te midde van eindelose geweld en konflik. Bid dat hulle moed sal hê om sterk te staan in hulle geloof en werksomstandighede om draers van lig en vrede te wees in hulle gemeenskappe.

Sel/Kleingroep reeks vir volgende kwartaal

Ons doen volgende kwartaal die: "7 weke as Sinsoekers" reeks in ons eredienste en in sel- of kleingroepe. Oorweeg biddend om weer bymekaar te kom as 'n selgroep of nuut by 'n groep in te skakel. Die persoon om te kontak is Elizma Harmse by sel: 083 940 56170f vir ds Toit.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

3 Oktober	Jurg van Onselen
4 Oktober	Graham Banfield, Nico Nell, Ruan Oosthuizen, Miané Suanders, Wiehan van Onselen, Alouise Volsoo en Brendon Wright
5 Oktober	Wynne du Plessis, Handré Esterhuysen, Trezelle Smit en Riette van Loggerenberg
6 Oktober	Philip de Vos, Lily le Roux, Stéfán Mulder, Claudette Scheepers, Johan Smit, Gaynor Swanepoel en Willem van den Berg
7 Oktober	Yvonne Nell
8 Oktober	Rochelle Barnard, Heinrich Botha, Erna Coetzee, Theuns Conradie, Ronel Gouws en Luca Strydom
9 Oktober	Judie Boshoff, Liesl Hanekom, Erica Keyser, Elizabeth Scheepers, Mariana Strydom, Rhenoldu van Niekerk en Vina Visagie



TIENDEMAAND DANKOFFER

Oktobermaand is 10de maand dankoffermaand. In 2 Korintiërs vind ons die volgende verse oor Christelike vrygewigheid en hulpverlening. Lees dit, dink daaroor, raak in gebed voor die Here stil en as jy uit dankbaar wil, dien die Here met jou 10de maand dankoffer.

"Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil." (2 Kor 8:5)

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorfloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk." (2 Kor 9:7-8)

Die begrote bedrag vir die tiendemaand dankoffer is R240 000. Dit is dieselfde bedrag as wat ons verlede jaar ingekry het. Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

